Die J*sus naam

Hier is ‘n samevatting oor ons Koning se Naam en die vervangings naam J*sus.
As ons na Eseg. 13:21 kyk lees ons: Ek sal ook julle sluiers skeur en My volk uit julle hand red, sodat hulle nie meer ‘n buit in julle hand sal wees nie; en julle sal weet dat Ek “**YHUH**” is. Nou die Naam YHUH is sowat 6528 keer in die Skrifte gewees en was vervang met die naam Here.

Eerstens gaan ek die Naam van ons Koning “YHUH” openbaar en oorgaan na J*sus naam.

Die Naam “YHUH” het ‘n later ontstaan as wat ons ken by Moses. Toe Moses die Naam van ons Koning vra het (Boodskapper met ‘n hoofletter uit die bos met hom gepraat) Het hy “YH” ontvang. Kyk ons na die Moabiet steen of die perkament rol sal ons die Naam YHUH optel.



YHWH "YaHuWaH" etched in Paleo Hebrew or ABaRIY Language

Israel Museum, Jerusalem, The Commentary on Habakkuk

The War Scroll (1QM), popularly known as "The War of the Sons of Light Against the Sons of Darkness,"

י skryf ons as ‘n Y wat ‘EK’ kan beteken
יה skryf ons as YH wat ‘EK IS’ kan beteken
יהו Skryf ons as YHU wat ‘EK IS DIE’ kan beteken
יהוה Skryf ons as YHUH wat ‘EK IS DIE EK’ kan beteken

Bo sal jy sien dat ek die “EK IS” יה deur gegee het, maar in der waarheid lyk “EK IS” so א ני. Soos ons kan sien is daar ‘n duidelike verskil tog dieselfde. Die Y י Yud sal jy sien dat dit by elk van die boonste Alef-bed letters is en dus “EK” beteken. Die byvoegings verskil in sinne en naamwoorde. “EK IS” is in der waarheid net die Yud en die Nun met die toevoeging Aleph wat jou bring na: “EK IS ALEPH”. “Ek IS ALPHA” “EK IS EERSTE”

Tot voorlopige konklusie moet ek net uitwys waarvan ons kom en gaan oor die Naam YHUH.
Moses ontvang “EK IS” wat “YH” deurgee. Die “YH” kry ‘n klinker in wat jou “YAH” gee (Spreek uit as JAAA). Later in die Skrifte soos ons bo kan sien kry ons die Naam “YHUH”. Die Naam “YHUH” kry ook klinkers in wat “YAHUAH” gee (Spreek uit as JAAA, OE, HAAA).

Met dieselfde vergelyking kan ons nou ook ons Koning se Naam koppel aan dié Naam “YHUH”. Min wetend luister die mens ‘dom’, want as ons Joh.5:43 lees sal ons sien dat ons Koning genoem het dat Hy gekom het in dié Naam van VADER. Dus moet ons “YHUH” deurbring sodat die Seun openbaar kan word. M.a.w. “YH” kom as “UH”. Ons begin met die uitspraak van dié Seun se Naam: יהושע wat geskryf word as “YHUSA” en kan beteken “EK IS DIE LOSSER”. “YHUSA” kry klinkers in wat “YAHUSHA” gee (Spreek uit as JAAA, OE, SHA). Let mooi op die Naam “YHUH” in **Y**a**HU**s**H**a.

Dus lees ons die hele Skrif net van die Naam van ons Koning en nie van dié VADER nie. Nêrens sal jy die VADER se Naam optel nie, want HY het die nie aan ons geopenbaar nie, maar slegs Sy Seun sin. SY Seun het aan Moses gesê: Wat wel onthou kan word is dat die Naam van VADER se Seun wel aan VADER gekoppel kan word. Soos “EK IS” YH / YAH / YHUH ens. Kyk gerus na Ex. 3:2 dan sal jy sien dat ‘n Boodskapper met Moses gepraat het en Homself voorgestel het as “EK IS”.

Kom ons kyk na die naam in die plek van die oorspronklike (Anti) of prontuit die valse in die plek van soos *Christus in Gesalfde of selfs Christus in Nasaréner; J*sus in die Naam YAHUSHA ens.).*
As ons na die woord ‘Messiahs’ kyk beteken dit “Meester” wat niks met Christus te doen het nie. As ons weer na die Naam van die Seun VADER kyk was Hy bekend as YAHUSHA waarvan daar deur die mens ‘dom’ ‘n Naam verkorting ingetree het soos Y’SHA. Met verloop van tyd het die vertalers (Konstantyn) die Naam verander na “Je-Zeus Khristos” (*Of moet ek sê Joodse vertalers om in die guns van die Romeine te kom*).

Met die verandering van die Name in die Skrifte het 'Christen 'dom' ook sy ontstaan gekry (Christendom *wat gemengde aanbidding voorstel*). Konstantyn die Grote wat 'n Zeus-aanbidder was het die voorstelle van die vertalers aangegryp om heerskappy. Die naam Je-Zeus (Ye-Zeus) is later van jare vervang met J*sus (Yesus). Let net mooi op, as jy die naam uitspreek in Engels dan spreek jy die sus nog steeds uit as "Z"
Konstantyn die grote het in die jaar 313 tot 325 nM begin om sy godheid deur te gee. As sonaanbidder was hy die stigter van die Sondag op die kalender van vandag. So was hy ook 'n voorstander van die woord Christus en Christendom. Osiris die songod van Egipte was ook bekend as Christos Helios of Chrestos in Grieks. Chrestos beteken: die goeie een wat natuurlik Osiris is. Daarom die ontstaan van die Krishna – aanbidders wat net goed wil wees of doen. Die sodanige Christendom was alreeds deur die Romeine in die jaar 150 nM aan die Jode toegeken weens hulle "goedheid".

Kom ons kyk net naam 'n vers of twee oor die Naam van ons Koning:
In die Duitse GBE Skrif staan in Ex. 6:2 Und ~~Gott~~ redete zu Mose und sprach zu ihm: Ich bin Jahwe (wat 5802 keer herhaal word).
In die Amp skrif staan in Ps. 68:4 Sing[7891] unto ~~God~~,[430] sing praises[2167] to his name:[8034] extol[5549] him that rideth[7392] upon the heavens[6160] by his name[8034] JAH,[3050] and rejoice[5937] before[6440] him.
As ons na die KJV. kyk lees ons in Jes. 12:2 Behold,[2009] ~~God~~[410] *is* my salvation;[3444] I will trust,[982] and not[3808] be afraid:[6342] for[3588] the LORD[3050] JEHOVAH[3068] *is* my strength[5797] and *my* song;[2176] he also is become[1961] my salvation.[3444] [5530] [47] Die woord nommer 3050 word bykans 50 maal deurgegee as YHUH en no. 3068 / 5530 keer.

Met konklusie sien ons dat die Naam YHUH wel aan die Seun behoort en dat dit vervals is onder die dekmantel van "J*sus" seun van Osiris.

As ons die 'J*sus' naam in twee name breek om 'n betekenis daaraan te koppel gaan ons kan sien van waar die verblinding kom. In die Latynse taal wat Romeins is (met die Joodse invloed) het in alle rigtings gekyk hoe om die Yashar'EL volk se geloof in te palm. Hulle het gekyk na 'n Galdese demoon 'god' met die naam Esus wat uitgespreek word: Ee-Sooce ook bekend as Hesus (J*sus) en ook uitgespreek as: He of Hey-Sooce. Hulle, die Italianers, (Rooms-Katolieke) het die naam Je –Sus gekies en uitgespreek as "Gesu" waarvan "Ge" se betekenis 'aarde, grond, land' is (Strong's Grieks 1093). Die uitspraak van die eerste twee letter kan varieer van 'Ie'; 'Ye'; 'Ge'; 'Ee' en dit kan ook 'jy' beteken. Dus "Je" kan dié "jy" op of oor die aarde beteken.

Die volgende deel is 'Sus'. 'Sus' in Latyn beteken weer vark, swyn, sog. Hoor julle die versteekte woorde! J*sus is 'n aard-vark / erdvark. Die Spanjaarde spreek die J*sus weer uit as Hey-Sooce m.a.w. Hey Vark! Die oud Engels en Latynse tale het "Ie-Sus uitgespreek "EE-SOOCE" wat aard - vark (erdvark) beteken. In die Hebreeuse taal beteken 'Sus' weer 'n perd, perde, perde ryer (Strong's H5483). Dus beteken J*sus "aardse perde ryer"

Net 'n kort kykie na die woord "Christen".
Die Christen naam wat ieder en elk aan hom of haar self wil toedien is 'n (*onwetende*) verlorene wat nie weet waarin hy homself bevind en in watter rigting hy wel inslaan nie. Hulle bid tot en deur 'n god wat hulle nie ken nie (*soos bo uitgewys*). Hulle reken dat almal welkom is om hulle god te aanbid, want redding lê mos in hulle god tot die ewige lewe.
Kom ons kyk wat en waar die woord 'Christen / Christus van kom en beteken.

Die Christen woord het sy ontstaan in Frankryk gehad. Hulle het dit uitgespreek as 'Cretin' wat Christianus in die Latyns taal is. Cretin beteken in Frans: Idioot, Sot, Dom en Onnosel. Die Romeine was gaande oor die naam en het in YAHUSHA se tyd reeds die mense die naam toegesnoer. Ons kry die naam net driemaal in die Skrif en ek haal dit aan: In *Hand. 11:25, 26, 28* staan: *Toe vertrek Bárnabas na Tarsus om Saulus te soek, en toe hy hom kry, het hy hom na Antiochíë gebring. :26 En hulle het 'n hele jaar lank in die gemeente saam vergader en aan 'n aansienlike skare onderwys gegee; en die dissipels is in Antiochíë vir die eerste keer Christene genoem*
Let op dat hulle so genoem was nie dat hulle, hulself so genoem het nie. Hulle was dus uitgekryt as dom en onnosel!

Nou kom die vraag aan die "Christine" van vandag wat so graag hulle "J*sus" aanhang, wil julle nog steeds aangaan met die Dom, onnosele Idioot van 'n erdvark ? Wil julle aanhou om julle ware Skepper met die Naam bo alle Name, YAH; YAHUSHA, verruil met veragtelike name.

Wil julle eerder "Christine" wees as om *Yashar'EL* of Saksers te wil wees? Ek weet as julle daardie besluit maak sal julle in afsondering kom en dit is nie wat die wêreld wil hê nie. Almal kan tog nie Yashar'EL / Nasaréner wees nie, maar almal kan wel 'n Christen wees.

Kom uit haar uit my volk die tyd is verby.